# Erkenningsboodskappe / Messages of acknowledgement

## Bennie and IAPCHE

In the office of the International Association for the Promotion of Christian Higher Education (IAPCHE) hangs a picture of the delegates to our founding conference in 1975. In the front row, sandwiched between two larger delegates, sits Bennie van der Walt. His back is straight, pose formal, hair dark. Pictures of recent IAPCHE conferences show the same man (with a slightly lighter hair color). To most he still appears formal, but to those who have moved from respect to friendship can detect the warmth of a friend, and perhaps an earthy joke. Such a reflection is likely to befall many, for in the intervening decades, Bennie has championed IAPCHE's efforts to cultivate a community that "serves Jesus as Lord by fostering, worldwide, the development of integral Christian higher education through networking and related academic activity". Through curiosity, respect, friendship and humor Bennie has demonstrated God's grace at IAPCHE events in Canada, Hungary, India, Netherlands, Nicaragua, Russia, the US and throughout his beloved Africa.

Perhaps because these traits sustained him during the painful apartheid struggles, he was able to reflect on sensitive issues in difficult contexts. For example, Bennie investigated the ways in which various cultures approach or avoid God's structured creation, the testimony of Scripture, and the presence of the Spirit. At a time of increasingly centralised cultural power, Bennie highlighted the variety of faithful cultural practices. Bennie reflected not only on the global diversity of faithful Christians, but also on the mutual relationships between thought and action. Academics can neither hide in a tower nor be confined to ghetto. The "mere" (C.S. Lewis) Christians, who benefit from Bennie's efforts in IAPCHE, continue to praise God for his continuing work faithfully conducted among the peoples from all nations as John depicted in Revelation 7.

**N. Lantinga**
**Executive Director: IAPCHE**

# Uit die skatkis van herinnerings: Instituut vir Reformatoriese Studie

Bennie van der Walt het die Instituut vir Reformatoriese Studie op die been gebring. In die sewentigerjare van die vorige eeu het die destydse rektor, professor Hennie Bingle en sy raadgewers besluit om die Instituut ter Bevordering van Calvinisme (IBC) tot stand te bring – Bennie van der Walt was die aangewese persoon om die uitvoerende leiding te neem. In 1975 is die eerste internasionale kongres van inrigtings vir tersiêre onderwys in die Calvinistiese tradisie gehou – dit het later die International Association for the Promotion of Christian Higher Education geword. Dit was gedurende die hoog-apartheidstyd, met ’n lang en moeilike stryd tussen die PU vir CHO en die Vrije Universiteit te Amsterdam. Bennie het homself in hierdie tyd laat ken as ’n vredemaker.

Sy taakomskrywing by die IBC, wat later die Instituut vir Reformatoriese Studie geword het, was om die Calvinisme, of te wel die reformatoriese denke, vir gewone mense toeganklik te maak. Bennie het sy taak nie tot die Afrikaanse gemeenskap in Suid-Afrika beperk nie, maar geskrywe en kongresse gehou vir en oor Afrika heen. Hy het verskillende van sy kollegas, nogal huiwerig, aan die ore en baadjiepante saamgesleep. Op hierdie manier het sommige van ons selfs die voorreg gehad om met President Kaunda in sy studeerkamer te gesels, en met die ANC in ballingskap (sonder om in die moeilikheid te kom).

Uit die IRS het onder sy leiding letterlik honderde publikasies in verskillende formate die lig gesien. Omdat hy verstaanbaar geskrywe het, het sowel die lesende publiek as die akademici waarde in sy werk gevind. Die verrassing van die sluiting van die IRS deur die Universiteitsbestuur was pynlik, bevreemdend, miskennend en onnodig soos ook die skade aan verskillende ander vorms van fundamentele werk in hierdie tyd (waaronder die Departement Filosofie). Bennie het ’n taak van die PU vir CHO ontvang, ’n opdrag wat hy, dikwels totaal oorwerk, met nougesetheid tot die einde deurgevoer het. Dat dit sinvol was, blyk uit die feit dat hy na die sluiting van die IRS en na sy aftrede ’n eredoktorsgraad van Kosin Universiteit in Pusan, Korea, ontvang het, en ook een van Karoly Gaspar Universiteit in Hongarye.

**J.J. (Ponti) Venter**
**Instituut vir Reformatoriese Studie**

# Professor (B.J.) Bennie van der Walt en Filosofie

My eerste herinnering aan professor Bennie is dié van 'n eerstejaarstudent in die Geskiedenis van die Filosofie-klas in die Frans du Toitgebou van die ou PU vir CHO. Hy het die erns oor die vak Filosofie en 'n Christelike perspektief daarop gemeng met humor – wat die vreemdheid en ingewikkeldheid van die Filosofie vir 'n sewentienjarige draaglik gemaak het. En dit is hoe professor Bennie dit steeds doen ... en hoe sy "nageslag" by Filosofie aan die NWU dit behoort te doen.

Ek onthou dat hy altyd baie besig was en nou verstaan ek waarom: Iemand wat óór die 700 publikasies in sy lewe gelewer het, het nie baie tyd gehad om ledig te wees nie. Professor Bennie het afgetree, maar is steeds 'n aktiewe skrywer en navorser en steeds onder die top twintig persent uitsetpresteerders van die Noordwes-Universiteit.

Diegene wat sy akademiese invloed ken, weet ook dat hierdie uitset nie net "ivoortoring"-filosofie is nie. Professor Bennie is bekend as die kenner van Afrika-denke in die kringe van die reformatoriese filosofie, en in die kringe van Afrika-Christene is hy bekend as die filosoof wat 'n suiwer Christelike rigting aandui en onvermoeid werk aan die reformasie van Afrika-denke. Hiervoor het hy allerweë in Afrika en verder internasionale erkenning gekry. Die eredoktorsgrade wat hy reeds van Kosin Universiteit in Korea en die Sárospatak GereformeerdeTeologiese Skool in Hongarye ontvang het, spreek hiervan.

Natuurlik moet dit ook genoem word dat hy een van 'n handjievol akademici aan die ou PU vir CHO was wat hulself konsekwent en radikaal teen die ideologie van apartheid verset het – 'n ingesteldheid wat nie altyd sy persoonlike belang as akademikus bevoordeel het nie. Met die insig van terugskouing, is dit egter 'n nalatenskap soos hierdie van professor Van der Walt wat dit moontlik maak om te argumenteer dat daar geweldige krag vir vernuwing in 'n Christelike wêreldbeskouing is.

Professor Bennie het 'n groot invloed gehad op die Skool vir Filosofie aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus, asook die voormalige Departement Filosofie van die PU vir CHO en het dit nog steeds. Ons eer hom daarvoor en dank die Here wat mense roep en bereid en bekwaam maak – dankie vir die geskenk wat ons in professor Bennie het.

**M. Heyns**
**(Skool vir Filosofie, Noordwes-Universiteit)**

# Groete – Reformatoriese Beweging van Suider-Afrika

Professor Bennie van der Walt is reeds vir etlike jare ten nouste met die Reformatoriese Beweging van Suid-Afrika (REBSA) geassosieer. Hierdie verbintenis berus op 'n gedeelde strewe, te wete die bevordering van 'n reformatoriese perspektief op die wêreld waarin ons leef. Tipies van hierdie soort Christelike kyk op sake is dat dit 'n integrale visie wil wees. Dit beskou die mens se roeping in God se koninkryk as iets wat op elke samelewingsterrein uitgeleef moet word, nie net op godsdienstige of die kerklike terrein nie. Hierdie uitkyk op sake beywer hom vir voortdurende hervorming; dit wil die samelewing verander. Daarom onderskryf dit nie 'n konserwatiewe vasklou aan die bestaande bedeling nie. Eweneens is dit nie ingestel op die omverwerping van die bestaande by wyse van revolusie nie. Nee, dit wil konstruktief die norme wat uit 'n Christelike oriëntering op ons samelewingsproblematiek voortvloei van toepassing maak.

In die talle jare wat Bennie van der Walt by REBSA betrokke was, eers as redaksielid en later as een van die vier redakteurs, het hy sy talente met ywer vir die verwerkliking van hierdie ideaal beskikbaar gestel. Dit het hy gedoen as skrywer en keurder van artikels vir REBSA se meningstydskrif *Woord en Daad.* In hierdie proses het hy meermale met konstruktiewe kritiek artikelskrywers begelei om hulle standpunte helderder te formuleer.

In sy betrokkenheid by REBSA het hy 'n oog vir dit wat in die Suid-Afrikaanse samelewing aan die gang is en wat om hervorming roep. Maar sy oog het ook verder gestrek, na Afrika en na geesgenootlike Christelike gemeenskappe elders in die wêreld.

REBSA is bly om met hierdie Festschrift geassosieer te wees.

**J. Swanepoel:**
**REBSA (Voorsitter)**

# Bennie van der Walt – ’n huldeblyk

Om ’n huldeblyk of waardering oor professor Bennie van der Walt (“Bennie Boekwurm”) te skryf, is ’n besondere voorreg, nie net uit hoofde van my baie lang persoonlike verbintenis en vriendskap met Bennie nie, maar ook uit hoofde van my redakteurskap van *Koers*, my betrokkenheid as raadslid by die IRS en my betrokkenheid as bestuurslid van die Potchefstroomkampus. Voeg daarby my lang betrokkenheid as die vertaler van baie van Bennie se geskrifte en die prentjie is min of meer volledig.

Ek wil graag my huldeblyk soos volg inklee: Eerstens Bennie se afkoms en die feit dat hy ’n stoere Dopper is (en tog nie is nie), tweedens sy verknogtheid aan sy mense en sy liefde vir die natuur, derdens iets oor sy status as akademikus en filosoof, vierdens iets oor hom as aktivis en laastens iets oor hom as geroepene, omdat dit die kern van sy menswees omvat en in die aansig waarvan al die ander dinge vervaag.

In die werklike sin van die woord is professor Bennie ’n stoere Dopper – in die beste sin van die woord, maar, soos ek later sal laat blyk, geensins onkrities nie. Dit is seker ’n besondere soort getuigskrif dat hy deur dr. J.D. du Toit (Totius) gedoop kon word – met goeie familiename, Barend Johannes van der Walt. Professor Bennie bou voort op die voorbeeld van sy ouerhuis met ’n gelukkige huwelik met Hannetjie, en is ’n vader van formaat vir die drie seuns en die een dogter. ’n Mens hoef nie eens te spekuleer oor hoe ’n goeie oupa hy is nie – al is sy kop dikwels nog in die filosofiewolke. Sy gesin (en nou uitgebreide gesin) is vir Bennie die mikrokosmos waarbinne hy kan leef en werk en die krag opbou om die wyer koninkrykswerk te doen waarvoor hy ’n roeping het.

Dit is nie sonder stampe en stote hier en daar nie, maar sy waardes bly leef in sy gesin. Dit is en bly ook iets besonders dat hy in staat is om sy ander groot liefde op persoonlike vlak, die natuur, saam met sy gesin te kan beoefen. Sy algehele passie vir die natuur, veral in die Drakensberge, wat hulle te voet deurkruis het, is maar net een sigbare uitlewing van sy noue saamleef met sy Skepper.

## Filosoof en akademikus

As filosoof in die reformatoriese tradisie het Bennie diep spore getrap – en sy leermeesters nie in die skande gesteek nie. Sy blootstelling aan bepaalde groot geeste het sy eie skoling as filosoof

grondig beïnvloed, en vir Suid-Afrika 'n heel besondere filosoof gegee. Bennie se bydrae tot die reformatoriese filosofie kan moeilik oorskat word, ook in die lig van die feit dat hy sy filosofie "gepopulariseer" het vir 'n baie groter leserspubliek daarbuite. Die feit dat hy in die meer onlangse verlede sy skryfwerk meer akademies gemik het, is ook van groot belang, sodat sy denke ook in die meer akademiese sfeer tot sy reg kon kom. Die feit dat hy in 2008 as die mees produktiefste publiserende dosent aan die Noordwes-Universiteit aangewys kon word, dui daarop dat die werk wat hy oor al die jare gedoen het altyd van hoë kwaliteit was en verdien het om in akademiese tydskrifte gepubliseer te word. Die meer populêre weergawes van sy werk wat oor so 'n lang tyd dwarsoor die wêreld versprei is, was ook altyd van hoogstaande gehalte.

Dwarsdeur sy akademiese loopbaan is daar natuurlik die een kenmerk van Bennie altyd kennelik sigbaar, naamlik sy werklike en wesenlike nederigheid.

## Aktivis

Soos baie Afrikaanses uit die sestiger- en sewentigerjare het Bennie ook grootgeword binne die raamwerk van die denke van die tyd, en was hy ook soos baie van ons onbewus van groter en kleiner onregte wat gepleeg is – en waarmee die kerk maar oogluikend saamgegaan het. Bennie se politieke opvoeding het egter sy gang begin gaan en daarom het sake soos die Universiteit se eise rondom sy M.-studie hom ongemaklik gehad. Sy belewenis in Nederland, waar die verguising deur Nederlanders oor Suid-Afrika se apartheidsbeleid fel was, en ook sy belewing van die Europese proses van universiteitshervorming het natuurlik daartoe bygedra dat hy anders gedink het en dit moes noodwendig in sy loopbaan manifesteer. Die feit dat hy ook 'n tydperk in die Transkei deurgebring het, kon nie anders nie as om hom op die versetpaadjie te plaas waar hy oor tyd harde bene gekou het. Dit is veral toe Bennie terug is Potchefstroom toe, en deur die IBC en later die IRS sy grootste lewenswerk gedoen het dat hy werklik as "aktivis" na vore getree het – nie met geweld nie, nie met gegil vanaf openbare verhoë nie, maar met 'n stil, onversetlike rigtingsbewustheid wat die IRS wyd bekend en gerespekteer gemaak het. Die "toemaak" van die IRS en die gepaardgaande afskaling van denke oor die reformatoriese akademiese ideaal was waarskynlik vir hom die grootste persoonlike slag – maar hy het dit met waardigheid gedra en het steeds sy oortuigings uitgespreek. Ook binne die kerk het hy nie opgehou met die stryd nie – Bennie se oortuigings oor die feit dat die kerke ná 1994 die Christelik-nasionale dualisme verwerp het net om

vasgevang te word in die nuwe dualisme van private godsdiens teenoor ’n publieke sekulêre bestaan, verwoord sy frustrasies.

## Geroepene

Bennie se beroep was aan die begin mooi uitgestippel – hy word predikant. Soos gesien, het sy paadjie verskeie afdraaie beleef, maar hy het nooit ver van sy roeping beweeg nie, en die besondere manier waarop hy sy beroepslewe bedryf, het in elk geval altyd sy geroepenheid voorop gestel. Hy het vroeg reeds gevoel dat hy liewer ’n sendeling as ’n gewone predikant wil word en sy lewenswerk was altyd maar ’n vorm van sendingwerk. Hy bly nog altyd oortuig dat ‘n werklike Bybelsbegronde, reformatoriese lewensvisie (wetenskaplik uitgewerk in ’n Christelike filosofie) op *alle* terreine van die lewe in Suid-Afrika en die res van Afrika ’n onontbeerlike rol te speel het, indien die Christelike geloof enige impak buite die eng mure van persoonlike geloof en kerklike lewe wil maak.

Dit is die Bennie wat ek ken en wil huldig – die geroepene in die koninkryk wat in alles wat hy doen steeds die koninkrykswerk voor oë het, en in die volle oortuiging van hierdie insigte altyd sonder huiwering optree, selfs al is die gevolge vir hom persoonlik soms traumaties. Sy sterk gees en roepingsbewustheid dra hom daardeur.

**A.L. Combrink**
**Noordwes-Universiteit**